26 OKTOBER 2025

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | BELYDENIS ROETEMERKER | 2 KOR. 4:5-10



Here ons God,
U is die Een wat ons roep,
wat ons red,
en wat ons elke dag nuut maak deur u Gees.
Ons bely dat U alleen Here is —
Vader, Seun en Heilige Gees.
Gee dat ons geloof nie net woorde is nie,
maar dat ons dit uitleef met oorgawe en vertroue.
Laat ons lewe getuig van U,
sodat ander in ons die lig van Christus kan sien.
Ons glo, Here — help ons om elke dag so te leef.
Amen.

# BAIE GELUK

Vandag staan ons stil by 'n groep van amper 60 jongmense wat kies om Belydenis van Geloof af te lê en daardeur stil te staan by hierdie belangrike roetemerker op hulle geloofsreis. Roetemerkers verwys na 'n geloofsmoment op jou lewensreis waar jy figuurlik gesproke anker gooi wanneer jy deur stormwaters gaan. In 'n oorgangstyd onthou jy wie jy is (ek is gedoop), aan Wie jy behoort (Jesus Christus) en wie om jou staan en jou ondersteun (die gemeente as geloofsfamilie). Dit help jou om deur die oorgangstyd te kom en in hierdie tyd jou geloof te vorm, te versterk en te vier. Baie geluk aan elke jongmense. Ook aan die ouers en voogde wat saam met hierdie individue die pad stap. Mag julle van hieraf aanhou stap met die wete dat die lewende Here saam met julle is.





# VOORSTE DEURE MAAK 09:05 TOE

Ons wil van hierdie Sondag vra dat indien jy na 09:05 by die kerk aankom, dat jy asb gebruik sal maak van die sy-deure aan weerskante van die kerk.

Ons gaan die hoofdeure toemaak om 09:05 sodat die ouerkamer 'n veilige ruimte is vir die kinders en ouers wat daar sit en speel gedurende die diens.

Dankie vir julle samewerking hiermee.

# NAGMAAL

Ons vier weer Nagmaal saam volgende Sondag, **2 November**. Die kinders bly in vir Nagmaal eb gaan eers na Kinderkleingroepe nadat ons Nagmaal saam as gesinne gevier het. Gesels solank met jou kinders daaroor en neem tyd om self voor te berei vir hierdie sakrament.



# GEMEENTE RETREAT

Was jy al ooit op 'n stiller, stadiger naweek? Probeer gerus hierdie een saam met die gemeente.
Hierdie naweek is daar tyd vir God, die natuur en rus. Begeleiding word gedoen met lees, nadenke en gebed.

**Waar: Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) in Wellington**
**Wanneer: Vrydag 31 Okt - Sondag 2 Nov**
**Koste: R1300 (eie kamer, en-suite en etes)**

***Kontak vir Peet of Jana vir meer inligting of Anna-Marie in die kerkkantoor as jy wil saamgaan.***






# BORGE VIR KALENDER 2026

Kan jy glo ons is alreeds besig met ons beplanning vir 2026 en die kalender is ook alreeds in wording.

Ons probeer om elke maand in die kalender (en TK Nuus) geborg te kry om die koste van die kalenders af te bring vir die gemeente aangesien dit iets is wat ons graag vir elke lidmaat wil gee. 'n Maand se borg kos R1500.

***As jy 'n maand in die kalender (en TK Nuus) wil borg, kontak asb vir Anna-Marie in die kerkkantoor so gou as moontlik.***

# STEFAN VERBLYF 2026

Stefan Smit is ons teologie student wat volgende jaar sy Gemeentejaar by Toringkerk doen. Ons is baie opgewonde en sien uit om deel te wees van hierdie finale vorming voor hy predikant word.

Hy benodig behuising in die Paarl vir die jaar so as daar enigeen is wat weet van bekostigbare behuising (tuinwoonstel, koshuisvoogd) laat weet asb vir Peet of Jana.

Dankie dat ons jou kan vra om jou oor op die grond te hou in die verband!



# DIEP & VER KERSFEES 2025

As deel van Toringkerk se gemeenskapsbediening wil ons graag vir Kersfees aan die gesinne wat deur NFC bedien word, geskenkpakkies gee. Daarvoor benodig ons:

– enige nie-bederfbare kosprodukte
– snoeperye soos koekies, lekkers, ingelegte vrugte, jellie, vla, ens
– toiletware, skoonmaakmiddels of enige ander huishoudelike artikels.

Houers sal vir die volgende paar weke in die voorportaal wees waarin produkte geplaas kan word. Bydraes word opreg waardeer.
***Kontak Hannetjie Lotz (0836501860) vir verdere inligting.***





# HAM KERSFEES-SKOENBOKSE

Ons wil graag weer betrokke wees by HAM se jaarlikse Kersfees Skoenboksprojek, spesifiek vir die **13 dogters van Huis Aristea en hulle 2 versorgers** vir wie ons verantwoordelik is as gemeente en met wie ons al 'n lang pad stap.
***Indien jy op hierdie manier kan bydra, kontak asb vir Elizmari (084 998 7865).***

# KERSSANGDIENS KOOR

Ons het weer 'n gemeenskapskoor onder leiding van Marissa von Mollendorf vir die Gesamentlike **Kerssangdiens op 23 November 2025 om 19:00.** Die oefeninge het begin!

**Wanneer: Elke Maandagaand**
**Hoelaat: 18:30 in**
**Waar: Toringkerk**

***Kontak vir Marissa by 083 413 0119 as jy belangstel om deel te neem.***



# KERKHOF SKOONMAAK DANKIE!

Ons wil baie dankie sê aan elkeen wat kom help het om die kerkhof skoon te maak en op te ruim. Dit was 'n groot taak en ons waardeer dat julle julle Saterdagoggend daarvoor gegee het. Dankie aan die Eiendomskomisie wat leiding hiermee geneem het.

Hou hierdie spasie dop, daar sal weer iewers geleentheid wees om saam te help en te werk. Maar vir nou, net baie baie dankie!






# BESOEK AAN RUSOORD

Die **Kinderkleingroepe** gaan weer vir Rusoord besoek hierdie kwartaal op **2 November**. Dit gebeur **direk na die erediens**. **Ouers is welkom om saam te gaan**. Rusoord is deel van ons gemeente en dit bly 'n voorreg om by hulle betrokke te wees! Op hierdie manier bring ons ook alle generasies bymekaar vir saam kuier!

**Sondag, 2 November, na die Erediens. Kinderkleingroepe gaan voort gedurende die diens.**

# ACVV VRA VIR LEË HOUERS

ACVV Noorder-Paarl vra asb vir enige leë houers (koffie, agurki, mayonnaise of chutney) wat jy dalk by die huis het of wat jy kan bymekaar maak en by die ACVV Noorder-Paarl kantoor kan afgee. Hulle sal dit baie waardeer. Hulle maak hierdie houers reg deur die jaar bymekaar. Kontak vir Anna-Marie in die kerkkantoor vir meer inligting.



# FONDSINSAMELING VIR RUSOORD

## JANNIE DU TOIT OP KITAAR

Alle fondsinsameling is ten bate van Rusoord. Jy is welkom om kaartjies te koop, asook 'n kaartjie vir 'n inwoner van Rusoord te borg.

**Sondag 16 Nov 2025 om 16h00**
**Plek NG Kerk Paarl-Vallei**
**Koste R200.00 p/p**

***Bespreek by Rusoord (021) 872 1982***







# TORINGKERK WYN UITVERKOPING

Jy kan nou ons eie kerkwyn geniet by die huis!

- **Rooiwyn** teen R120 'n bottel / R600 'n boks van 6.
- **Witwyn** teen R100 per bottel / R480 per boks van 6.

Jou aankoop vul nie net jou glas nie, maar ondersteun ook die bediening en projekte van Toringkerk.

***Beskikbaar aanlyn by www.tkmarkietie.co.za of by die kerkkantoor.***

# WILDSDROËWORS

Ons het nog heerlike voorraad oor van MARKietie teen R185 per 500gr. Perfek vir 'n peuselhappie, padkos of naweekbederf!

Terwyl voorraad hou!! Moenie dit misloop nie – sodra dit weg is, is dit weg!

Beskikbaar aanlyn by ***www.tkmarkietie.co.za*** of by die ***kerkkantoor.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM



**28 SEPT** — POPPEKAS

TORINGKERK | 09:30



**24-25 OKT** — BELYDENISKAMP

TK SAAL | 18:00



**26 OKT** — BELYDENIS VAN GELOOF ROETEMERKER

TORINGKERK | 09:00



**31OKT - 2NOV** — GEMEENTE RETREAT

AMSS, WELLINGTON



**23 NOV** — KERSSANGDIENS

TORINGKERK | 19:00



**30 NOV** — FAMILIE AFSLUITINGSFEES

TORINGKERK | 09:00



# BELYDENIS VAN GELOOF ROETEMERKER 2025

**Jandré Alberts**




**Zac Bester**



**Dylan Bezuidenhout**



**Henri Botha**



**Aletia Burger**



**Janu Burger**



**Néca Burger**



**JD Carstens**



**Kathleen Dell**



**Zean de Klerk**



**Inali du Toit**



**Matt Dippenaar**




**Carmia Dyason**



**Lana Hoffmann**



**Kehara Human**



**Mincke Klein**



Anika Kleynhans



Anika Kotze



Hennie Labuschagne



Carla Meyer



Ruan Mort



Liani Mulder




Rubi Muller



Tarien Nel



Dayan Opperman



Mari Pienaar




Rachelle Roux



Andreas Scheepers



Steffen Schreuder



Selah-Ann Schülz



Karli Smit



Zandré Smit



Leon Snyman



Ayanke Stander



Emma Savage



Anne-Mari Spangeberg



**Rozelle van den Berg**



**Reuben van der Bank**



**Stefan van der Vyver**



**Annelize van der Linde**



**Calvin van Graan**



**Hesmarie Visser**



**Nadia Volschenk**



**Jonathan Wearne**



## ONS IS DIE HERE DANKBAAR SAAM MET JULLE VIR HIERDIE ROETEMERKER OP JULLE GELOOFSREIS!



# GEMEENSKAPSKUIERS












# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

26 Okt Corné Burger
26 Okt Milly Pieterse
26 Okt Willem Vermeulen
27 Okt Joanne Bollmann
27 Okt Christeen Dörnbrack-Kuyler
27 Okt Johan Mostert
27 Okt Hermaine Van der Sluys
27 Okt Ian van Zyl
28 Okt Carlo Townsend
29 Okt Johannes Beyers
29 Okt Lawrence Kilian
29 Okt Karli Rabe
29 Okt Linn Willemse
30 Okt Bertie Gebhardt
30 Okt Juandré Marais
30 Okt André Mouton
30 Okt Jahnie Steenkamp
30 Okt Daniel Theron
30 Okt Gert van Schalkwyk
30 Okt Louis Werth
31 Okt James Laker
31 Okt Catharina Lourens
31 Okt Robert Schultheiss
01 Nov Zac Bester
01 Nov Rigardo Diedericks
01 Nov Juan Thiart

# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)**

Kinderkleingroepe hierdie Sondag, Jesus in Jerigo

**KRUISCONNECT (GR. 8-10)**

KruisConnect weer Sondag - van na die diens tot 11:00

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Tienerkerk gaan voort Dinsdag om 19h00

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 26 Okt**
2 Tim. 4:6-18

**MAANDAG, 27 Okt**
Eseg. 3:10-11

**DINSDAG 28 Okt**
Jes. 40:25-31

**WOENSDAG, 29 Okt**
Joh. 1:29-34

**DONDERDAG, 30 Okt**
1 Tess. 1:1-8

**VRYDAG, 31 Okt**
**1 Joh. 3:16-20**

**SATERDAG, 01 Nov**
Rom. 14:7-15

**SONDAG, 02 Nov**
Jes. 40:1-5

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE KOLLEKTE : MSINGA

**Die VGK gemeente Msinga is geleë in die bergagtige streek tussen Ladysmith, Grey Town en Dundee in KwaZulu-Natal. Dis 'n moeilike arbeidsveld, maar die werkkragte hou goeie moed en werk met groot ywer. Mense woon meestal in primitiewe omstandighede, dikwels sonder elektrisiteit en ver van water af. Die gemeente bestaan sedert 1961 en vanaf 1980 ondersteun gelowiges uit die Wes- en Suid-Kaap die werk deur gebede, uitreikaksies en finansiële bydraes. Die Msinga Vennootskap bestaan uit die plaaslike kerkraad saam met gemeentes en instansies uit Kaapland en KZN wat die plaaslike gemeente bystaan met die bekostiging van hul werkkragte en met allerlei gemeenskapsprojekte soos evangelisasie uitreike, bouwerk, kleuterskole en die ontwikkeling van handvaardighede.**

# RUSOORD EREDIENS

## SONDAE IN RUSOORD SE KAPEL OM 10:30

Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek help met hierdie bediening.

# KALENDERBORG: OKTOBER


AUTO NANTES.CO.ZA

Tel: 021 872 7733
Fax: 021 872 0338
468 Main Road
Paarl
7646

Vertiaan Dyason
Cell: 084 209 4640
email: vertiaan@autonantes.co.za

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.